

Moenie die Here se vrede opoffer vir enigiets of enigiemand nie

Die skrywer, Paul Coelho, sê: If it costs you your peace, it's too expensive. Paulus het lank gelede presies dieselfde in 1 Korintiërs 7:15 geskryf, toe hy oor die huwelik gepraat het. Hy het by name gesê dat God ons geroep het om in Sy vrede te leef. Wanneer hierdie vrede prysgegee word, is die gevolge altyd katastrofies. Dan verander huwelike in slagvelde. Dieselfde gebeur in alle ander verhoudings, waarbinne ons onself bevind.

Om blindelings in enige verhouding in te storm sonder om goed hieroor na te dink, of sonder om vooraf na goeie raad te luister, is dwaas. Om die Here se leiding in sulke tye te ignoreer, kos mense baie duur. Dit kos niks minder as sy eie vrede nie, soos wat baie al ervaar het, nadat hulle slegte keuses gemaak het. Baie het hulle beginsels vir rykdom opgeoffer. Hulle het hulle norme op die spel geplaas vir vinnige sakegeleenthede, of vir oorhaastige liefdesverhoudings. Moenie dat so-iets jou vanjaar oorkom nie. Die Here het jou geroep om in vrede met Hom te leef. **Moenie Sy vrede opoffer vir enigiets of enigiemand nie.** Laat toe dat God se vrede oor jou hart en oor jou verstand waghou. Laat dit jou teen dwaasheid en sonde bewaar. Laat dit jou veilige vesting in die midde van elke storm wees. Dan sal jy stormbestand wees. Dan sal jy nooit van die goeie pad van die Here wegdwaal nie.

Geskryf deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
 Marinda Jordaan
 Ria Putter

Maria Steyn
 Sampie Swart
 Annika Kilian

Jaco Steenkamp
 Leonie Kruger
 Sumari Pretorius

Jillian Jansen
 Tannie Martie de Beer
 Albert Glockzin

Willie Britz
 Rudi Kruger
 Jaap Naudé

Tilly van Huysen
 Flippie Roslee
 Tannie Bets Coetzee

Annetjie Pienaar
 Amoré Alberts

Amoré Alberts
 Willie Viljoen
 Karl Olsen
 Anna Chandler
 Ockie Fourie
 Johnny Viviers

Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle;
 nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie.

Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.

Johannes 14:27



Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer...

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U **wondergroot genade...**

- HERE, ek het U lief! AMEN



Die HERE sal jou seën en jou behoed;
 die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn
 en jou genadig wees;
 die HERE sal sy aangesig oor jou verhef
 en aan jou vrede gee.

Numeri 6:24-26

Gedagte vir die week

Dit sê Ek vir julle,
 sodat julle
Vrede kan vind in My.

-Johannes 16:33-

LiefGodGrootdanks.wordpress.com